**Constantia Oggenddiens Sondag 22 Maart 2009**

## Waar is die Lam ?

Lees: Genesis 22:1-14

Teks: Genesis 22:12

"Toe sê God: 'Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan my te offer nie'."

Sing: Lied 205:1-3; Skuldbelydenis Lied 235:1; Geloofsbelydenis Lied 261:1-3 (Melodie Ps 107); Lied 504: 3 en 5.

Te siene aan vers 3 het dit blykbaar een nag gebeur. In 'n droom of visioen of naggesig hoor Abraham God praat met hom: "Abraham! Abraham! Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek jou sal aanwys."

Wat 'n verskriklike opdrag gee God hier aan Sy dienaar! Dat dit 'n harde opdrag was, dat dit diep sou insny in Abraham se hart en lewe, blyk baie duidelik uit God se herhaling van die woorde wat op Isak betrekking het: ". . . jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet. . ."

Isak was die trooskind van Abraham se ouderdom - die enigste voorwerp van sy vaderliefde. Isak was die belofte-kind - die enigste in wie al die beloftes van God aan Abraham vervul kon word.

Nou ontvang Abraham hierdie onbegryplike, hierdie verstommende, hierdie ontstellende opdrag: "Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan offer hom as brandoffer . . ."

Daar staan heel bo-aan hierdie hoofstuk geskryf dat God vir Abraham op die proef wou stel, sy geloof wou toets. Maar . . . Abraham se geloof was al voorheen getoets. Twee keer al is hy op die proef gestel. Die eerste keer was toe God hom beveel het om uit sy eie land te emigreer na 'n vreemde land wat die Here hom sou wys. En in die N.T. hoor ons die skrywer van die Hebreërbrief verklaar: "Omdat Abraham geglo het, het hy weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Omdat hy geglo het, het hy (as) 'n vreemdeling in 'n vreemde land gaan woon" (Heb.11[8-9]). Die tweede keer dat Abraham

op die proef gestel is, was toe hy in vertroue op God moes wag op die geboorte van Isak. En hoe lank moes hy en Sara nie wag nie! Tot in hulle ouderdom toe! Sara was negentig jaar oud, lank reeds "verby die ouderdom van kinders in die wêreld bring" (Gen $18^{11}$ vgl. $17^{17}$) en Abraham was nege-en-negentig (Gen.$17^{24}$), "'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie" (Heb $11^{12}$). Ook in hierdie verband verklaar die skrywer van die Hebreërbrief: "Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, die krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het" (Heb $11^{11}$).

Maar nou word hy vir die derde keer (!) deur God getoets. Hy moet vir Isak gaan offer. Skielik lyk alles - al sy vertroue in God en alles wat hy moes deurmaak om in daardie vertroue te volhard - sinloos. Kan dit waar wees? Wil God werklik hê hy moet sy Isak, sy liewe kind, gaan offer op die brandofferaltaar? Hoe kan Hy dit vra? Dit ruk aan Abraham se geloof.

Liewe broers en susters, was daar ook al toetse aan u geloof gestel? Het u ook al tye beleef toe u intens daarvan bewus geword het dat God besig was om u op die proef te stel? Was daar dinge wat aan u geloofsvertroue kom ruk het? Het u toe gevoel u geloof is in die weegskaal? Het God ook aan u skynbaar harde eise gestel, so hard dat u byna gewankel het?

Dan het u vandag tot 'n mate 'n idee, 'n besef van wat Abraham daardie dag deurgemaak het toe God vir hom gesê het: "Abraham! Vat jou seun, jou enigste . . . wat jy liefhet, en gaan offer hom as brandoffer vir My!"

Met opgehoue asem lees 'n mens die eerste twee verse van Genesis 22. 'n Grootse drama is hier voor ons oë aan die ontvou. Die spanning is voelbaar. Sal Abraham opgewasse wees vir hierdie geweldige toets? Sal hy daartoe in staat wees om God se opdrag te gehoorsaam? Hierdie man wat in eiebelang 'n slag of twee 'n leuen vertel het? (Gen.$12^{10-20}$; $20^{2}$ ). Hierdie man wat vir God se belofte van 'n seun vir hom en sy onvrugbare vrou gelag het? (Gen.$17^{17}$). Hierdie man wat hom deur sy vrou Sara laat ompraat het om by haar slavin te gaan slaap om só vir hom 'n nageslag te verwek, omdat hulle ongedul-

dig geraak het met God se getalm om Sy belofte van 'n nageslag aan hulle te vervul? (Gen.16).

Dis absoluut verstommend hoe Abraham op hierdie bitter moeilike opdrag van God reageer. Reeds die volgende oggend, vers 3 sê dit was "vroeg die môre", die son het waarskynlik skaars opgekom, Sarah het waarskynlik nog rustig geslaap salig onbewus van wat aan die gebeur is, toe tref Abraham reeds sy voorbereidings om God se opdrag uit te voer. Abraham se gedagtes en gevoelens word nêrens vir ons vermeld nie. Maar dat hy gedagtes en gevoelens gehad het, daaraan hoef ons nie te twyfel nie. Net die twee keer herhaalde woorde aan die einde van verse 7 en 8 : "Só het hulle twee (Abraham en Isak na die plek van die offer) dan saam geloop" (1933 vertaling), verklap iets van die spanning wat daar in Abraham se gemoed geleef het.

Waarom was Abraham onmiddellik gehoorsaam? Waarom het hy nie geweier om die verskriklike opdrag uit te voer nie? Waarom? Die antwoord is: want Abraham het op sy lang pad saam met God geleer dat 'n mens net op een manier kan reageer op die feit dat God in alles by jou is. En daardie manier is om Hom absoluut te vertrou! Daarom het Abraham oral waar hy gekom het, 'n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep (vgl Gen.21[33]). Want sien, gemeenskap met die Here lei tot groter toewyding, en groter toewyding lei tot algehele oorgawe aan Sy wil. En toe Abraham geroep word om sy enigste seun, Isak wat hy liefhet, aan God terug te gee, het sy liefde vir God geseëvier. Toe toon Abraham dat God vir hom belangriker is as hierdie kind wat hy so liefhet.

Dit is wat dit beteken om God te dien: Hy en Sy Woord moet die hoogste staan in jou lewe.

Só was dit in Abraham se lewe. Die skrywer van die Hebreër-brief sê: "Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: Uit Isak sal jou nageslag gebore word, het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit, om dit so te stel, Abraham ook vir Isak terug ontvang het" (vv 17- 20).

Maar wat die mooiste in hierdie verhaal is en tegelyk die meeste tot ernstige nadenke stem, is die woorde van die Here aan Abraham terwyl Isak vasgemaak op die brandhout lê en Abraham die mes gereedhou om sy seun, sy enigste, Isak wat hy so liefhet, te slag: "Abraham! Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien. Jy het nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou nie" (v.12 vgl OAV t.p.). Hoor u dit?

"Nou weet Ek dat jy My dien en niks van My terughou nie!"
My broer en suster, van hoeveel van ons kan God dit sê? Hoeveel hou ons nog van die Here terug? Wat hou ons nog van God terug? As God vandag van ons kom vra om die kosbaarste en liefste wat ons besit vir Hom te offer, sal ons bereid wees? Dadelik? Onverwyld? Sonder teëspraak? Wat sê dit van ons vertroue en oorgawe!

Maar die verhaal eindig nie hier nie. Daar is 'n Nuwe Testamentiese vervolg. Moria lei na Golgota—mens sou hulle die tweelingheuwels van die Bybel kon noem. Soos tweelinge het hulle soveel met mekaar in gemeen. Op albei heuwels moes 'n vader eenmaal sy seun offer. Op Moria was dit Abraham wat vir Isak, sy enigste seun, moes offer.Op Golgota is dit God wat Sy eniggebore seun, Jesus Christus, offer. Ons sou dus Moria die Golgota van die Ou Testament kon noem, en Golgota die Moria van die Nuwe Testament.

Die onderskeid tussen Moria en Golgota is egter oneindig groot. Moria is slegs 'n skadubeeld van en 'n profetiese heenwysing na Golgota. Oor Moria hang 'n vraag wat eers op Golgota ten volle beantwoord sou word.

Teen die hang van Moria kom 'n gryse vader en sy seun opgestap —Abraham met die mes aan sy sy; en Isak met die draggie hout op sy skouer. 'n Onvergeetlike gesprek volg: *Pa? Ja, my seun? Pa, hier is vuur en hout, maar, Pa, waar is die lam om te offer? God sal sy eie offerlam voorsien, my seun.* Só stap hulle twee verder saam, in stilte, elk met sy eie gedagtes . . . tot op die plek waar Abraham die altaar gereed moet maak. Terwyl hy die een klip na die ander opeenstapel, staan Isak eenkant met die vraag in sy hart: *Waar is die lam?* Toe gryp Abraham vir Isak. Bind hom stewig op die altaar vas. Nog een maal kyk hy in die vraende oë van sy enigste seun. Dan voel sy hand na

die vlymskerp mes. Maar die oomblik wanneer hy dit nader bring aan Isak se keel, weerklink 'n stem wat hom tot stilstand ruk: *Abraham! Abraham! Los jou seun!* (vv.11, 12).

Toe Abraham omkyk, staan daar 'n ram met sy horings in 'n doringbos vasgevang. Met onbeskryflike verligting maak Abraham vir Isak los, tel hom van die altaar af. Toe offer Abraham die ram as 'n brandoffer aan die Here in Isak se plek. En hy noem die plek: *Die Here voorsien!* (v.14a). Die Here voorsien !

Die terugreis na Sarah is vir vader en seun 'n vreugdetog, want Abraham kan, soos die vader in Jesus se gelykenis, ook sê: *Laat ons fees vier! Want hierdie seun van my was dood, en het weer lewend geword!* (Luk $15^{24}$).

Tog was die saak nie werklik afgehandel nie. Isak se vraag was in seker sin nog nie volledig beantwoord nie. Die offerrook bokant Moria het as 't ware in die vorm van 'n groot vraagteken bly hang:

***Waar is die Lam ?***

Die offerdiens in ou Isreal het nooit waarlik bevredig nie. In die hart van die offeraar het die onrus geleef wat die profeet Miga so voortreflik verwoord wanneer hy vra: *Wat sal ek saamvat as ek na die Here toegaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na Hom toe gaan, met jaaroud kalwers? Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tien duisende offers van olie. . .vir my sonde, . . . (en) oortredinge?* (Miga $6^{6,7}$). Al hoe meer is besef: *. . . die bloed van bulle en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem . . . want as*
*dit kon, sou mense mos opgehou het om te offer* (vgl. Hebr.$10^{3,4,11}$).

En Isak se vraag bly hang bo Jerusalems tempel:

**Waar is die lam ?**

Toe breek die dag aan dat Johannes die Doper Jesus van Nasaret na hom toe sien kom. Met uitgestrekte hand wys hy na Jesus. Vir die skare sê hy: ***Dáár is die Lam !*** *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!* (Joh.$1^{29}$).

Golgota sou die berg wees waar die Here volkome voorsien, waar die drama van Moria sy klimaks, sy vervulling bereik, waar die vraag-teken 'n uitroepteken word. **Dáár is die Lam !**

Soos Isak sien ons Jesus teen die heuwel uitstap. Soos Isak moes Hy ook self Sy offerhout na die offerplek dra. Nie 'n draggie hout nie, maar 'n kruis, 'n vloekhout, 'n skandpaal!

Nét soos Isak—en tog só anders !

Want Isak is toe nooit geoffer nie. Toe die mes aan sy keel gelê word, was daar 'n Stem wat roep: *Doen hom niks aan nie!*

Sou dit ook op Golgota gebeur? Sou daar ook 'n stem uit die hemel kom wat sê: *Doen My geliefde Seun niks aan nie ! ?*

Nee, al wat Hy moes hoor was: *Kruisig Hom ! Kruisig Hom ! . . .* en die hamerslae wat die spykers deur sy hande en voete dryf!

Vir Isak was daar 'n plaasvervanger, 'n ram met sy horings verstrengel in 'n doringbos.

Sou daar vir Jesus ook 'n plaasvervanger wees? Sou daar êrens iemand tevoorskyn kom wat as offer Sy plek kon inneem?

Nee, Hy is self die offer.

Hy is self die plaasvervanger.

Hy is self die Lam met Sy hoof verstrik in die dorings—die dorings van die spotterskroon wat Hy dra !

Van Isak word gesê dat hy en sy pa saamgeloop het, dat Abraham hom telkens gerusgestel het.

Sou dit ook so wees met die Here Jesus? Nee, in die donker ure aan die kruis is ook hierdie voorreg, die nabyheid en gerusstelling van Sy Vader Hom ontneem. Hy moes die pad alleen loop, die stryd alleen stry, die pers alleen trap, die dood alleen sterf! Oplaas verbysterd uitroep:

*My God, My God, waarom het U My verlaat!* (Matt.27[46] ).

So sterf Hy op die altaar van die kruis.

Toe die Joodse priesters die middag om drie-uur die lammers vir die Paasfees slag, word God se Paaslam vir die sondes van die wêreld geoffer. God het ons van die altaar afgetel . . . en Sy Seun in ons plek daarop neergelê. In ons plek!

Dit is die ontsagwekkende wonder van die sterwe van die Here Jesus Christus. Op Golgota het Hy met ons plekke geruil.

Ons het by God skuld gemaak wat ons nie kan aflos nie—Jesus het die rekening betaal.

Ons is die oorsaak van die kloof tussen ons en God—Hy het dit oorbrug.

Ons is verantwoordelik vir die splinters en die skerwe van stukkende lewens en gebroke verhoudings—Hy het alles kom opruim en heelmaak.

U en my naam staan op die skuldbrief wat aan die kruis wapper—maar Jesus hang daar. Hy het ons plek ingeneem, in ons skoene gestaan, ons stryd gestry, ons skuld oorgeneem, ons vonnis uitgedien, ons dood gesterf.

Sódat ons in Sy plek mag staan—

as seuns en dogters van Sy Vader,

as erfgename van al die seëninge van God wat daar in die hemel is (Efes.1[3]),

as nuwe mense wie se vraagtekens wonderbaarlik uitroeptekens geword het !

***Crucified . . . rejected and alone***
***like a rose, trampled on the ground***
***You took the fall and . . .***
***thought of me above all.***

Amen.

*Verlosser, Vriend, o hoop,*
*o lus van wie U ken,*
*neem aan die lied*
*wat U 'n swakke sterfling bied,*
*'n sondaar wat U voete kus,*
*'n sondaar, 'n verloste, Heer—*
*in U geen sondaar meer!*
(ou Ges.49: 1).

Ds. J.P.Gavera

(Christi signifer. Kopiereg voorbehou )